



'n Kunstenaarsvoorstelling van die beplande ontwikkeling by die monding van die Bergrivier wat 'n visboerdery, marinaoord, toerismesentrum en residensiële eenhede sal insluit.

Beplande visboerdery bring hoop vir Velddrif se mense

HENNIE DUVENHAGE

Planne word beraam om 'n visboerdery op die been te bring as deel van 'n residensiële ontwikkeling by die monding van die Bergrivier langs die Kaapse Weskus.

“Flaminkvlei kan beskryf word as 'n kombinasie van 'n marinaoord, 'n voëlkyk- en toerismesentrum asook 'n vissersdorpie,” sê dr. Chris Mulder wat vir die ontwerp en bestuur van die projek verantwoordelik is.

“Dit word ontwerp in die volksboustyl van die Weskus se vissersdorpie en sal uit 600 erwe bestaan waarvan 10% tot 15% vir bekostigbare behuising opgesig is.”

Mulder, die ontwikkelaar van Thesen Islands by Knysna, sê weens die ryk voëllewe van die Bergrivier-monding, word besondere aandag gegee aan maniere om die voëllewe te koester, veral die groot swerms flaminke wat hier voorkom.

Mulder sê die visboerdery sal 'n integrale deel van die voorgestelde ontwikkeling uitmaak en wanneer dit ten volle in bedryf is, sal dit 'n belangrike werkskepper wees in die Weskus se sukkelende visbedryf.

“Dit sal ook 'n beduidende swartbemaatigingskomponent hê wat die voorheen benadeelde gemeenskap van Velddrif en omgewing in staat sal stel om in die bedryf en eienaarskap van die projek te deel,” sê Mulder.

Hy sê die seeboerdery sal uit drie komponente bestaan, waarvan 'n produksie-eenheid vir Atlantiese salm 'n belangrike deel sal uitmaak. Die aanvanklike vermoë van die eenheid sal 800 ton per jaar wees, maar dit sal mettertyd tot 4 000 ton per jaar opgeskuif word.

Suid-Afrika voer tans sowat 2 000 ton salm per jaar in teen 'n beraamde koste van R80 miljoen.

Die tweede komponent van die beoogde visboerdery is 'n produksie-eenheid vir die grootmaak van kabeljou.

Die aanvanklike vermoë van die eenheid sal 50 ton per jaar wees, met die uiteindelijke vermoë om 2 000 ton per jaar te lewer wat gelykstaande is aan die huidige vraag na kabeljou.

Die derde komponent is 'n see-wierplaas met 'n produksievermoë van 24 ton per jaar.

Die seewier absorbeer van die metaboliese afvalprodukte van die visboerdery as deel van die watersuiweringsproses.

Die aanvanklike produksie van 850 ton salm en kabeljou sal in die aanvangstadium van die projek sowat 50 werkgeleenthede by die aanleg self skep, met 'n verdere 140 tot 170 werkgeleenthede by fabriek wat die verwerking van die vis sal behartig.

Wanneer die aanlegte teen die volle vermoë van 6 000 ton vis per jaar bedryf word, sal 235 mense by die aanleg werk kan kry, terwyl 'n verdere 1 000 tot 1 200 mense by verwerkingsaanlegte sal kan werk.

“Veral weens al hoe kleiner vangste in die visbedryf het werkloosheid in Velddrif van 12,9% in 2001 tot 31,6% in 2006 toegeneem,” het Mulder gesê.

“Die probleem is dat, aangesien die visbedryf en die landbou oor baie jare die grootste werkverskaffers was, die vaardighede van die plaaslike bevolking afgestem is op die behoeftes van hierdie bedrywe.

“Slegs die herlewing van die visbedryf bied 'n werklike oplossing vir hierdie hoë werkloosheid,” het Mulder gesê.